



Foto: Riata Nel

Die boot lê in Houtbaai se water, stukkend, verniel en die merke van jare op die water duidelik sigbaar. Daar is karakter aan die merke en ek glo elke stukkie kan 'n storie vertel... Het dié boot vir jare die Kaapse storms trotseer en op 'n dag vir die laaste keer uitgevaar en anker gegooi? Het die kaptein gehoop om nog 'n keer uit te vaar, vir nog 'n kans? Het die Kaap van storms 'n skielike einde aan dié verhaal gemaak?

As dié boot kon praat...hoeveel stories sou ons hoor van hoop en storms, moeilike tye en goeie tye, of stories van 'n mooi sonsopkoms of hoe die lug en wolke verkleur as die son sak. Ek glo dié boot was op 'n tyd 'n baken van hoop vir iemand, 'n wyse van inkomste dalk? 'n Trots. 'n Rots.

Dalk kon ander hieruit leer.

'n Mens kan baie leer van mense wat "gesink" het. Mense wat geval het en weer moes opstaan, nes die boot in die foto. Hoewel die boot nie weer sal vaar nie, is daar lesse te leer en stories om te vertel. Ons kan ook uit ander se foute leer, stories vertel van hoop en daar wees vir iemand. 'n Rots.

BASAAR 2020

Geoefende hande, goeie leiding en beplanning was beslis die wenresep vir ons eerste "inperking" wegneemete-basaar. Ons wil BAIE DANKIE sê vir elkeen wat agter die skerms gewerk het. Ons waardeer dit opreg. Die wins vir die dag is R34 000. Sonder elkeen van julle sou dié sukses nie moontlik gewees het nie, en die lidmate stem saam...

Die komplimente het ingestroom oor die al die lekkertes wat Saterdag 1 Augustus verkoop is.

Van die terugvoer:

"Ons het vla-, koffie- en gemengde koekies gekoop. Dit is baie lekker. Wens ons het meer bestel."

"Komplimente aan die organiseerders en almal wat gehelp het om al die eetgoed te maak"

"Baie dankie aan die dames wat die kos voorberei het. My lasagne was baie lekker en net so die malvapoeding. 'n Vriendin het gesê haar bobotie was ook baie lekker."

"Ek wil net BAIE dankie sê vir die heerlike bobotie en lasagne wat ek Sat by die 'basaar' gekoop het. Komplimente aan die dames wat dit gemaak het. Julle is sterre!"

"Helloo, die vetkoeke is heerlik...as daar dalk nog oor is, sonder vulsel, sal ek verseker nog koop"

"Ek wil net dankie sê vir die lekker groot hamburger en chips. Ons het dit BAIE geniet."

"Die basaarpoeding was ongelooflik lekker. Wens ons het sommer vyf meer bestel."

"Wat 'n belewenis. Die skons was 'n groot bederf! Dankie en ook so mooi verpak."

"Die boereworsrolle was heerlik! Baie dankie."

"Die pannekoek is altyd 'n wenner. Was 'n groot bederf vir ons almal.

"Lekker beskuit, waar kan ons nog bestel?"

"Wanneer hou ons weer basaar?"

Wins

R34 000

Kniewerk



Voorbidding vir :

- ✚ Ds. Petrie vir sy boodskap.
- ✚ Ons innige meegevoel met Almero Greybe en familie met die heengaan van sy broer.
- ✚ Ons innige meegevoel met Jan van der Merwe en gesin met die heengaan van Mariaan.
- ✚ Alfred Champion vir herstel & gesondheid.
- ✚ Lizelle Volschenk, vir gesondheid.

Ds. Petrie

Video- en Geskrewe-boodskap



SONDAG 02 Augustus 2020

Video:

<https://www.youtube.com/watch?v=HZTTJY0-SOE>

Geskrewe boodskap:

https://www.lourensrivier.co.za/images/Gen_32v2

Geen eredienste of byeenkomste in kerkgebou tot verdere kennisgewing

Weens die hoë risiko van infeksie in die Wes-Kaap sal daar tot verdere kennis geen eredienste of byeenkomste in die kerkgebou wees nie. Ds. Petrie, Charlene en Riata werk van die huis af en kan enige tyd gekontak word. Mense wat graag wil help met kospakkies of donasies/gelde/dankoffer kan ons kontak en 'n afspraak maak om dit by die kerkkantoor af te gee.

Ds. Petrie 073 166 1306

e-pos: petrie@lourensrivier.co.za

Charlene 082 384 4037

e-pos: fin@lourensrivier.co.za

Riata 082 560 5283

e-pos: admin@lourensrivier.co.za



Besoek ons webblad:

Lourensrivier.co.za

Facebook blad:

Lourensrivier SeMense

Lifeline Youth

Lourensrivier Dinamiet KIEDZ:

BELYDENISAFLEGGING

Die datum vir die Belydenisaflegging bly tans soos aangedui op die kerk se kalender, Sondag 18 Oktober @ 09:00. Datum verandering sal gekommunikeer word, indien nodig. Reëlins vir die diens sal ooreenkomstig Covid 19 regulasies gedoen word.

Ons 80 + Verjaarsdae vir Augustus



AUGUSTUS
2020

80 +
90 +
Verjaarsdae

Baie geluk!!

3 AUGUSTUS
Hermanus Nell (94)

4 AUGUSTUS
Jean Verster (84)

6 AUGUSTUS
Marquerite Kies (85)

7 AUGUSTUS
Nella Meyer (84)

16 AUGUSTUS
Lydia Liebenberg (97)

20 AUGUSTUS
Truida de Kock (88)

22 AUGUSTUS
Hennie Mouton (81)

29 AUGUSTUS
Myra Mostert (89)

Meisies Agter God

LIFELINE BIED AAN

MAG

MEISIES AGTER GOD

Vroue bied

R50 HOOP

Datum: 12 September
Tyd: 9:00

Waar: Gemak van jou eie huis (Zoom)
Alle ouderdomme welkom
Stuur 'n epos na
Lifelinejeugkerk@gmail.com om te
bespreek of kontak
Tijane Visser 083 287 0954

Nuus uit die omgewing / kursusse / inligting:

 **DISAKLOOF**
OPWINDENDE NUUS VIR VAKANSIEGANGERS
Disakloof is oop vir besprekings en bied die volgende aan:

Lang termyn verhuur (minimum een maand, vooruitbetaalbaar)
Kamptrek vir 2 persone → R2000 p/m
R1000 p/m vir elke addisionele persoon
Huisies – 2 persone → R5000 p/m
R1500 ekstra vir elke addisionele persoon (±R160 p/d)

Alle verhuurings is net vir een maand, maar verlengbaar met wetersydse ooreenkoms
Geldig tot einde van November 2020

Al die ander naweke vanaf Augustus tot November 2020: 20% afslag
Gedurende weke Augustus tot November 2020: 40% afslag

Groep wal van die terrein gebruik wil maak in die tydperk Augustus tot November 2020: - 20 % afslag

Kontak ons by: bookings@disakloof.co.za/021 852 3004
www.disakloof.co.za  @Disakloof Camps



Date Night
samen met
Radio Kaapstad Kersel 728AM

Genees | Log | Resoneer | Aansluiting

7 Augustus
19:00 - 20:15
Faniecoos Lewi
728 Kaapstad Kersel | 728 Cape Town



GEDAGTE VIR DIE WEEK

Mag jy genoeg moed hê om saam Jesus op die water te loop wanneer Hy jou vra om uit die boot te klim.

Sonder Hom sal jy verseker sink, maar saam met Hom gaan jy wonderwerke beleef.

Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!

ROMEINE 15:13

Skepe – Jo Black

'n Skip word in 'n hawe gebou.
'n Skip lyk in 'n hawe baie mooi vir my en jou,
Maar dis nie waarvoor skepe gemaak word nie
Die storms en die winde sal waai
Hys jou seile hoog, want een of ander tyd moet die tyding draai.
Laat die kompas van jou siel weer jou hart bepaal.
Kry jou maste reg, haal die anker uit,
in die rigting van die suiderkruis.
Ons is gemaak om uit te gaan
Op die golwe van die diepste oseaan.
Ons vind ons rigting in die sterre en die helder maan.
Ons is gemaak in hoop se naam.
Ons is gemaak om uit te gaan.
Die lewe sal jou gooi en jou rondruk.
Soms voel dit of jy sink, maar jy moet net jou voete soos Petrus vind.
En dalk net weer glo soos 'n kind.
Hou net koers, want soms kom die twyfel.
Dit gaan meer oor hoe jy opstaan en minder oor hoe jy struikel.
Moenie vrees as die waters rof raak nie.
Tel jou skouers op.
Voel jou hart weer klop.
Stuur jou skip nou deur die poorte.
Ons hoop is meer as net leë woorde.
Jy's in beheer van jou bestemming.
Hoe jy daar uitkom is jou eie besluit.